



## Om te trek !

deur Helga Strydom

"Wanneer om te trek?" was die vraag wat die afgelope tyd gereeld in die Strydom huishouding gevra is. Toe Skoonma egter in September aankondig dat sy 'n plekkie by die Rosenheim aftree-oord raakgeloop het, was die spreekwoordelike kalf in die put - omdraaikans was daar nie meer vir my nie.

"Helga, onthou net, dis nou lamtyd, daarna skeer ons en ....dan ploeg en plant ons," het ek die nou al oorbekende sin vir Tink klaargemaak. Dit beteken eintlik: Ek gaan jou nie kan help nie! "Maar.....," ek was versigtig optimisties "ek sal Steven vir jou leen." Dit het my effens getroos, Steven was immers die voorman met boerdery-agtergrond, maar of hy 'n hele trek kon hanteer... Verwre soos, "Wie sal jou en Hanno se mage volhou as ek ook nou alles moet los en help trek?" is geopper nadat ek Tink betrokke wou kry - homself netjies uit die hele ding gewikkel.

Wel, ek sou nou moes inspring en by die begin begin - waar dit ookal was. 'n Gein- en uitpakkery was nog nooit my sterk punt nie, ons leef soms weke nadat ons van iewers af teruggekom het nog uit die vakansietas. Gelukkig vir ons baie knap huishulp, Vivian, wat van die kant af aanmoedig en soms self inspring en pak. Ek stuur die tasse en uitgepakte kartondose en sy maak hulle weer aan die anderkant vol. Alles gaan redelik goed tot ons die meubels moet oortrek, deure is skielik te klein, sommige kaste is in die ou plaashuis aanmekaar gesit en moet letterlik van voor af in die nuwe huis gebou word en dan is daar die grondpad waarmee rekening gehou moet word, alles wil net uitmekaar skud.

Ek kyk een middag ingedagte hoe Steven groot happe toebroodjies met Coke afsluk en wonder hoe op dees aarde ons die kombuistafel by die deur gaan uitkry. Ons het elke moontlike hoek probeer, sonder sukses. "Nonnatjie, ons moet probeer die agterdeur," probeer Steven vir oulaas. "Nee, hierdie tafel los ons vir Tink, hy het dit by die deur ingekry en sal dit net weer by dieselfde deur moet uitkry, dis tog net logies", knip ek hom kort. Ek verlang skielik na



my skoonpa wat vroeër die jaar oorlede is, hy sou gesê het Tink moet dadelik alles waarmee hy besig is los, en my kom help! "Jy kan mos sien sy sukkel, Seun!"

Die afpakkery aan die anderkant het sy eie probleme, niks wil reg lyk op hul nuwe plekke nie en 'n paar nuwe aankope sal gaaf wees, maar Tink herinner my aan die droogte daarbuite en ek begin solank uitteken hoeveel spaargeld ek nodig gaan kry. Nee, dit sal ook nie werk nie, die geld is gereserveer vir Hanno se nuwe kamer. Dan maar elektriese kables skuif en herrangskik, maar skielik sal dit nie gedoen kan word nie

weens werkdruk, praktiese implikasies, ens. Die lys is baie lank, Tink verdwyn soms vir 'n hele dag lank en ek begin my eie afleidings maak. Hanno verlang sonder ophou na sy hanslammers wat op Elandsberg moes agterbly en ek probeer troos terwyl ek al die voordele van ons nuwe huis probeer uitlig, sonder sukses! Die aand wonder ek oor die huweliksverrykingskursus in Rhodes waarvan my een vriendin vroeër die week gepraat het, en dit klink skielik na 'n goeie plan - die tema "Konflikhantering"!

Rhodes se mooi berge, ons pëlle se sagte woorde en Hanno se blydskap om sy maatjies te sien, troos ons dadelik en skielik is die twee weke se kuier in die Karoo nie meer 'n opsie nie - eerder nog bokse uitpak. Toe ons terugry, oorweeg ek die verskillende tipes liefdestale waarvan die dominee ons vertel het en onthou skielik van die sjampanje wat Skoonma vir ons in die yskas gelos het. Want, net toe ons wou ry, fluister my vriendin in my oor van die oulike klein winkeltjie in Bloemfontein met 'n eie binneshuise versierder wat bereid sal wees om Barkly-Oos toe te kom vir 'n konsultasie.....

